**Vrydag 5 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 49:1-16; HK Sondag 5, Vraag 14**
**Fokusgedeelte: Psalm 49:8**

## ’n Ander skepsel kan nie vir die mens betaal nie

Aangesien dit duidelik is dat die mens nie self vir sy skuld kan betaal nie, word die moontlikheid van verlossing deur ander skepsels ondersoek. Miskien kan ’n engel of ’n dier of ’n medemens as losprys dien.

Die profeet Miga, wat ook in of deur iets anders ’n losprys vir die lewe probeer vind het, formuleer hierdie soektog na ’n losprys wat vir God aanvaarbaar is, soos volg: *“Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom toe gaan, met jaar-oud kalwers? Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tien duisende offers van olie? Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom vir my oortreding?”* (Miga 6:6, 7).

Nie een van hierdie voorstelle van Miga is egter vir die Here aanvaarbaar nie. *Engele* kan geen losprys vir die lewe wees nie, want die mens het ook met sy liggaam gesondig en moet ook aan die liggaam gestraf word. Engele het egter nie liggame nie, want hulle is dienende geeste (Heb. 1:14). *Diere* kan ook nie die losprys bied nie,want die dier het nie ’n siel soos ’n mens nie. In Hebreërs 10:4 word dit duidelik gestel dat *“die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem”.*

Kan ’n ander mens dan nie vir iemand se sonde instaan nie? Dan is dit tog iemand met vlees en bloed, met ’n liggaam en siel soos ons. Moses was immers bereid om sy deel aan die ewige lewe prys te gee as sy volk maar net gered kan word (Eks. 32:32). Paulus het ’n soortgelyke wens gehad (Rom. 9:3). Miskien is daar ander soos hulle wat bereid is om vir hulle medemens te sterf en die losprys vir die lewe te betaal. Ook hierdie weg is egter vir die mens gesluit, want in Psalm 49:8 en 9 word duidelik verklaar: *“Een mens kan tog nie ’n ander loskoop van die dood en aan God ’n losprys vir hom betaal nie. Die prys van ’n mens se lewe is te hoog.”*

Ons belydenis is dus reg en sê dat “geen blote skepsel” die losprys vir die sonde kan betaal nie. Wat ons nodig het, is iemand wat meer is as ’n “blote skepsel”, en daar is so ’n Persoon: Jesus Christus. Johannes wys Hom aan as die losprys vir die lewe as hy sê: *“Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem”* (Joh. 1:29).